**VIERDE KWARTAAL**
**Tema: LOTE IS 'N GEMEENTE WAT WYS WIE GOD IS…**

**Skriflesing: Hand 2:43-3:10**
Die Geesvervulde nuwe gemeente van Handelinge ontstaan in tyd dat die Jode die Christene as godslasterlik beskou. Die Joodse godsdienstige leiers het op die jong gemeente se leierskorps toegesak met verhore en vervolgings.
Die Romeinse owerheid was aanvanklik versigtig vir hulle, maar het geleidelik die skroewe aangedraai teen hierdie Christelike "sekte" wat teen keiserverering was. Die gemeente het ook so vinnig gegroei dat hulle as 'n politieke risiko beskou is.
Die gelowiges was veral arm mense sonder hoë aansien of politieke invloed. Hulle het geen geboue van hul eie gehad nie. Hulle leiers was meestal ongeletterd.

En tog het die gemeente gegroei. Na die uitstorting van die Heilige Gees word 3000 gelowiges by die oorspronklike 120 gevoeg. In die tyd van Hand 2 groei die kerk binne 'n relatiewe kort tyd tot 33 miljoen gelowiges uit 'n totale bevolking van 56 miljoen mense.

Daar is baie redes vir hulle groei, maar ons beperk ons vanoggend net tot die andersheid van gemeente:

**1. Hulle het anders as wêreld rondom hulle geleef.**
Hulle was so ywerig vir Here, het soveel onderlinge liefde uitgestraal en was so anders as die wêreld rondom hulle, dat die Christelike geloof aansteeklik was. Mense het gesien hier is iets anders by hulle. Ons weet dit was eintlik Iemand anders wat by die gemeente was. Daarom wou mense deel wees van die gemeente.

Die geskiedenis skrywers vertel ons van die andersheid van die gemeente. In die Romeinse ryk en spesifiek in Rome was seksuele losbandigheid in al sy vorme aan die orde van die dag. Huweliks- en gesinsverval was skokkend. Aborsies was so algemeen dat kinderlykies een van die oorsake was waarom rioolstelsels verstop het.
Die Christelike geloofsgemeenskappe het hul huwelikslewens volgens Bybelse beginsels ingerig. Hulle het daarom meer stabiele huweliks- en gesinslewens gehad as die wêreld om hulle. Hulle was Geesvervuld en het die plan van die Here met hul huwelike en gesinne gehoorsaam.

Christene was ook betroubare en hardwerkende mense waarop jy kon reken. Die Romeinde Keiser Konstantyn het die Christelike godsdiens in 313 na Christus vrygestel van alle vorme v vervolging. Hy het self 'n Christen geword.
Waarom hy dit gedoen? Konstantyn het besef dat jy nie 'n ryk kon regeer sonder betroubare mense nie en Christene was betroubare mense. Hy wou hulle saak bevoordeel omdat hulle sy saak sou bevoordeel.

Hierdie dinge maak dat die evangelie soos veldbrand versprei.

**2. Anders as wêreld was Christene onvoorwaardelik lief vir mekaar**
Die Romeinse ryk was 'n suksesvolle ryk. Mense het, soos vandag steeds die geval is, na groot stede gestroom. In elke groot stad het jy mense van elke volk en taal gevind.
By die uitstort van die Heilige Gees waarvan ons lees is in Hand 2:8-10 word daar 15 verskillende tale vermeld. Dit was van die verskillende wêreldtale wat in daardie tyd in Jerusalem gepraat is. Hier was 'n regte deurmekaarspul. Die potensiaal vir kultuur, rasse en klasse botsings was hoog.

Die gemeente was ‘n uiters diverse groep, maar dit het hulle nie gepla nie. Hulle was broers en susters van mekaar. Hulle was God se huisgesin.

In die eerste 300 jaar na Christus het 2 ongelooflik groot epidemies die Romeinse ryk getref. In die eerste epidemie is ‘n kwart tot ‘n derde van die mense van die Romeinse ryk dood. Honderd jaar later was dit weer so. Toe die  tweede epidemie op sy ergste was, is tot 5000 mense per dag in Rome alleen oorlede.
Christene het in die tyd veel beter as enige ander groep oorleef want hulle het vir mekaar en ander siekes gesorg. Na elke epidemie het mense in groot getalle by die gemeentes ingeskakel. Hulle het gesien hier is iets of eerder Iemand anders by hierdie gemeentes en daarom wou hulle deel wees van die gemeentes.
Sorg ons vandag nog soos hierdie eerste gemeente vir mekaar?

**3. Anders as by die wêreld, het daar wonderwerke in die gemeente gebeur**
Ons lees in Hand 2:43 en Hand 3:6 van die wonderwerke wat God gedoen het. En Hy kan dit vandag steeds doen! Hy hoef dit egter nie te doen nie. Hy het die grootste wonderwerk, die leë kruis van Jesus Christus, reeds vir almal van ons gedoen.

Ons sien ook in hierdie Skrifgedeelte dat wonderwerke nie ’n doel is nie, maar ‘n middel tot ’n doel. Wonderwerke laat die fokus op Jesus val. Wonderwerke gebeur waar naam van Jesus Christus verkondig word.
En wonderwerke maak mense bewus van die almag van God. God alleen genees wie Hy wil en wanneer Hy wil. Geloof is nie altyd ’n voorwaarde vir genesing nie. Wanneer God genees vul dit mense met ontsag en eerbied en lei dit daartoe dat mense tot geloof kom. Die verlamde man het uitbundig rondgespring en nie mense nie, maar God geprys.

**Die Geesgewerkte andersheid van die  gemeente het die volk goedgesind gemaak teenoor hulle.**
Die Here het elke dag mense wat gered word by gemeente gevoeg. Mense wou nie deel van die gemeente wees omdat die gemeente snaakse goed gedoen het of goeie dominees gehad het nie. Hulle wou by hulle wees omdat die gemeente so Geesvervuld anders was. Hulle het anders as die heidense wêreld in hulle huwelike en gesinne geleef. Hulle was onvoorwaardelik lief vir mekaar en het gesorg vir mekaar. En God het wonderwerke by hulle laat gebeur.
Leef ons vandag steeds so Geesvervuld anders tot eer van God?
Amen